

Skriflesing: Handeling 28:1-16

Teks: **Handeling 28:15b**

Sing- Ps.48:1,4; Ps.46:3,6; Ps.107:1,4; Ps.33:6,8

Handeling 28:1-16

Act 28:1 En eers toe ons gered was, het ons te wete gekom dat die eiland Melíte genoem word.

Act 28:2 En die inboorlinge het ons buitengewone mensliewendheid bewys, want hulle het 'n groot vuur aangesteek en ons almal daarby gebring weens die reën wat gedreig het en weens die koue.

Act 28:3 En Paulus het 'n klomp droë hout bymekaargemaak en op die vuur gesit, en 'n adder het weens die hitte uitgekome en aan sy hand vasgebyt.

Act 28:4 En toe die inboorlinge die dier aan sy hand sien hang, sê hulle vir mekaar: Hierdie man is beslis 'n moordenaar wat die goddelike wraak nie laat lewe nie, al is hy uit die see gered.

Act 28:5 Maar hy het die dier in die vuur afgeskud en geen kwaad gely nie.

Act 28:6 En hulle het verwag dat hy sou opswel of skielik dood neerval; maar toe hulle lank gewag en gesien het dat niks besonders met hom gebeur nie, het hulle van gedagte verander en gesê dat hy 'n god was.

Act 28:7 Nou het die hoof van die eiland, wie se naam Públius was, in die omgewing van daardie plek 'n stuk grond gehad, en hy het ons ontvang en drie dae lank vriendelik geherberg.

Act 28:8 En die vader van Públius het siek gelê aan koors en buikloop. En Paulus het ingegaan na hom toe, en nadat hy gebid het, hom die hande opgelê en hom gesond gemaak.

Act 28:9 En hierna het ook die ander wat siektes gehad het op die eiland, na hom gekom en is genees.

Act 28:10 En hulle het ons ook baie eerbewyse betoon, en toe ons sou afvaar, ons van die nodige voorsien.

Act 28:11 En ná drie maande het ons afgevaar in 'n skip van Alexandrië met die skeepsmerk Castor en Pollux, wat op die eiland oorwinter het.

Act 28:12 En ons het by Sirakúse gekom en daar drie dae gebly.

Act 28:13 Daarvandaan het ons omgeseil en by Régium aangekom en een dag later het die suidewind opgekome, en op die tweede het ons Putéoli bereik,

Act 28:14 waar ons broeders gevind het wat ons gevra het om sewe dae by hulle te bly; en so het ons na Rome gegaan.

Act 28:15 En die broeders wat van ons lotgevalle gehoor het, het ons daarvandaan tegemoetgekome tot by die Appius-mark en die Drie Herberge; en **toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed gevat.**

Act 28:16 En nadat ons in Rome gekom het, het die hoofman oor honderd die gevangenes oorgelewer aan die bevelhebber van die leër. Maar aan Paulus is dit vergun om op sy eie te woon met die soldaat wat hom moes oppas.

Skriflesing: Handeling 28:1-16

Teks: **Handeling 28:15b**

Sing- Ps.48:1,4; Ps.46:3,6; Ps.107:1,4; Ps.33:6,8

Gesien, gedank, moed gevat, broeder en suster, drie gebeurtenisse wat hier aan die einde van Paulus se lewe op aarde nie maar geringgeskat kan word nie. In elk van hierdie woorde sit daar iets. Ons kan dit ook drie opeenvolgende dade noem. As dit nie vir die sien was nie, sou Paulus nie die Here kon dank nie, as dit nie was vir die Here wat hy gedank het nie, sou

hy nie kon moed vat nie. Of anders gestel, Paulus dank God omdat hy gesien het, en hy vat moed omdat hy gedank het. Hierdie is dinge wat mekaar aanvul, mekaar vervul. As jou sien tot vervulling kom dan loop dit oor in dank, as jou dank vol word, dan kan ek nie anders as om moed te vat nie. Mag dit met ons stadig maar sekere oorkom na hierdie Kerk van die Here ook die geval wees ... Sien, dank en vat moed ...

Eerste dan- wat sien Paulus?

Paulus se lewe kan in 'n sekere sin gesien word as 'n lewe tussen twee groot stede. Die Godstad Jerusalem, daar waar alles vir hom met Christus begin, daar waar die eerste gemeente van Christus was. Dit alles waar die Godstad Jerusalem lê, maar Paulus se lewe, is 'n lewe wat eintlik een lang reis was tussen die Godstad Jerusalem en die wêreldstad Rome. Om die Godstad by die wêreldstad uit te bring, is dit nie maar waarom elke kind van God se lewe moet gaan nie.

Vandag nie Handeling 1 nie, maar Handeling 28, die laaste hoofstuk van Handeling. As daar nou een stad was, wat Paulus baie graag by wou uitkom, wat hy aanmekeer vir homself gesê het, hierdie stad moet ek sien, en die stad moet my sien, dan was dit die stad Rome. Dit was geen geheim dat Paulus geglo het die hoogtepunt van sy bediening sal wees om eendag Christus in Rome te mag verkondig.

Maar weet u, broeder en suster, die mens wik maar God beskik. Paulus kom by baie plekke uit, baie meer as wat ons sommer in een asem sal kan noem, maar Rome het hom bly ontwyk. Elke keer was daar eenvoudig net iets wat gekeer het, hom verhinder het, of ander mense of skielik gewysigde reisplanne wat die grootste van al die stede, Rome maar weer deel gemaak het van ek kom nie daar uit nie, ek ken daardie mense nie werklik nie, hulle ken my nie werklik nie.

Merkwaardig dat juis die brief Romeine wat deur Paulus aan hierdie mense in Rome geskryf was, is 'n brief aan 'n gemeente wat hy wat Paulus is eintlik nie regtig die lidmate ken nie. Hy was tot lank na die skrywe van die brief nog nooit daar nie, maar tog is juis die Romeine-brief van Paulus se mees omvattende briewe wat mens aangryp op watter manier en in welke

mate Paulus 'n uiteensetting kon gee van wat is nou waarlik die dinge wat ons aan Christus bind en in Christus laat glo. Dit wat die inhoud van ons geloof is, en wat God vir my gedoen het, om daarvoor te praat het ek nie nodig om mense op hulle name te ken, voordat ek met hulle oor die geloof praat nie. Juis is dit eerder andersom. As die geloof begin praat, dan praat die geloof en dan sal die name van gelowiges later ter sprake kom, maar ek het nie daardie name nodig om in die geloof met hulle besig te wees nie. Mense se belangrikheid lê baie keer in hulle onbelangrikheid.

En wat hierdie laaste hoofstuk uit Handeling ons laat sien is waar Paulus na sovele probeerslae, sovele mislukkings, ten einde laaste gaan dit gebeur, hy gaan in Rome uitkom. Maar weet u broeder en suster, heeltemal anders as wat hy hom sy lewe lank hierdie begeerte voorgestel het. Hy is 'n gevangene, hy is in die hande van ander mense, so lyk dit, maar weet u al dink ander mense hulle kan jou gevange hou, jy is in hulle hande, is 'n gelowige altyd in die hande van God. Duidelik sien ons dit hier, hoe nie mense nie, maar hoe God werk. God se Woord kan nie geboei word nie, al is my hande en voete in die dikste kettings en boeie.

Agter Paulus lê so pas 'n reeks van ontsettende gebeure wat dit weer wou laat lyk in Rome gaan jy nie uitkom nie. 'n Geweldige storm in Handeling 27, op die einde verloor hulle die skip, al swemmende op stukke hout en lap spoel hulle uit op 'n eiland Melite met vreemde mense, inboorlinge word hulle tydelike basis. Wie sou dit kon dink, dat God op die manier hierdie mense nie verbygaan nie. Die krom hout wat reguit houe slaan. Die skip moes vergaan dat daar mense moet wees wie se sielelewe nie mag vergaan nie. En dan Paulus wat gewoon opsoek was na bietjie droë hout om 'n winter vuur in die winder van sy gemoed te laat brand en dan skielik 'n slang tussen die hout wat sy hand vasbyt-'n giftige slang pik hom. Anders as die slang in die paradys waar die duiwel deur 'n slang hom bekend maak, is die slang wat aan die einde van Paulus se lewe praat 'n slang wat God aan die mens bekendmaak. Die inboorlinge met bygeloof en valse geloof word eenvoudig in die uiterste van hulle heidendom rondgeslinger, om eers te glo dit is die vergestaltung van die bese hier voor hulle, en toe nie eers Paulus se vinger opswel nie, toe is hy skielik sommer die vergestaltung van wat 'n god moet wees. Hoe vals, maar ook hoe groot die menslike brein se

vermoë is om gode van heinde en verre te wil fabriseer was nog altyd daar gewees om mense te wil keer om tog net nie die ware God te ontmoet nie. God laat Hom egter nie keer nie, want of dit nou 'n slangbyt is, of iemand anders met maagkoors (buikloop) alles word middele waarin God sy onsigbare dinge nl. Sy ewige krag en goddelikheid duidelik laat sien.

Al hierdie dinge is dinge onderweg met die pad wat die Here nou met Paulus na Rome wil stap. Dinge wat ons aanvanklik nie kan sien nie, en tog in die geloof word die onsigbare tog ook sigbaar. Paulus wat 'n gevangene is, maar in wat God doen, word die gevangene eintlik die kaptein en koersbepaler, al mag sy eie gemoed werklik ook voel soos iemand wat alleen die ooptes van die see moet ingaan en die golwe in sy hart slaan maar net so hard soos daardie golwe wat eintlik al alles weggeslaan het, wat mense aan kan vashou. Maar Rome toe sal daar gegaan kan word want wat God belowe het, sal Hy doen, al doen mense en die see ook wat! Die see kon hom nie keer nie, ook nie die land nie.

Vir oulaas lê daar nog 'n groot stuk see voor, weer vaar hulle drie maande lank met die Dioskuri, 'n Aleksandryse skip, met die skeepsmerk Castor en Pollux, en as die see-gedeeltes verby is dan lê daar 'n hele stuk pad binneland voor. 'n Pad wat Appius nog gebou het, vanuit Suid-Italië na Rome, 'n pad wat met vulkaan stene geplavei lê, oor laagtes en hoogtes, en waar Paulus-hulle langs stap moet hulle ook verby die Pomptynse moerasse, en oraloor word die geskiedenis 'n lewende verhaal van hoe generaals en krygers vroeër op presies dieselfde roete wêreld oorwinnaars was. Dit gaan oor die tyd toe die wêreld uit Rome regeer is, en die mense van weleer maar altyd op soek was na nog groter eer, nog 'n oorlog, nog 'n stryd wat gewen moet word om net nog meer mag, nog meer geld te kan bysit by geld en mag wat alreeds baie is. Oorlog skilde, blinkende metaal, perdepote het hier baie geblink en baie geklink, en nou stap hier iemand oppad na Rome wie se perd sy voete is, moeë voete, sy sandale seker al heeltemal verloop met die baie kilometers van die kuslyn af, ses dae se stap met dan kort rus in die nagte. Die ou oorlog strydere hulle perdepote se galop sou op hierdie geplaveide pad vêr gehoor kon word, dan sou hulle deur die mense van die stad, duisende van hulle ingehardloop word, bly om van nog 'n oorwinning te mag hoor.

As Paulus nou daar loop, geboei aan 'n Romeinse soldaat, dan kan niemand sy tree van vêr af hoor nie, niemand wat in die stad hom regtig ken nie, sy koms onaangekondig, want gevangenis sal mos nie soos ereburgers hulle opwagting kan maak nie. En dit is asof Paulus deur wat sy groot verlange was, die lewens verlange van hom om tog ook eendag hier te mag uitkom of die laaste entjie al hoe korter, al hoe banger treë begin word. Oomblikke wat mens kan oorweldig. Wat wag regtig hier vir my?! Want hier bly ook Nero, die wreedste onder die keisers wat daar nog ooit was, wat sy ma en hoeveel nog eenvoudig vermoor het. En dan skielik is die Appiusmark hier voor hom. Maar een van die baie slegte plekke in so 'n groot stad. Vuil, berug, bekend vir sy vloekende en dronk soldate. Eintlik maar 'n venster op die groot stad. Soos dit hier gaan so gaan dit in baie plekke hier.

En tog juis hier, waar die mark die stank en vuil van dit wat wêrelds is laat hoor en ruik, skielik is daar iemand wat sê, Paulus- kan dit waar wees, het ek reg gehoor, my naam waar ek gedink het niemand my ken en kan ken nie. Hy kyk om, weer hoor hy dit, want 'n handjievul gelowiges het hom juis hier kom inwag sonder dat hy hulle verwag het. Hy het waarlik nie dit verwag nie! So sorg die Here vir hom, dieselfde Here wat Elia met kraaie versorg het. Dis eenvoudig te goed om waar te wees, en as dit dan waar is hoe goed is die Here nie vir my nie!

In hierdie geweldig grootte stad, hier kom broeders in Christus om hul broer in Christus, Paulus, van wie hulle so baie kon hoor, en tog nooit kon sien nie, in te wag om hom vir die eerste keer te sien. Sonder dat daar 'n GPS was, of enige bekende koördinate maar gelowiges se gids is die Heilige Gees, dié se koördinate is die Woord van God. Party het hom hier ingewag, ander by die plek wat genoem is Drie Herberge, want hulle wou hom nie mis nie. Op die einde was albei se wagplek die regte plek. Tussen miljoene heidene en bandelose mense is daar die mense wat deur God gebind is. 'n Gemeente van Jesus Christus, met seker maar 'n handjievul mense in die grootste van stede wat daar in daardie tyd was. Hulle, Paulus en hierdie gemeente kom bymekaar uit. Dié hulle, besef ons geliefdes, dit is wat die gemeenskap van die heiliges is en beteken.

Vreemdes kan mekaar ken en mekaar sien in Christus sonder dat hulle aan mekaar bekend is. Dit wat eenheid bedoel om te wees, dit is wat dit beteken. Om in die Here een te wees. Al sou hulle wat hom ontmoet dalk nie eers meer as twee gewees het nie, maak nie saak nie, dit is al klaar 'n gemeente, 'n openbaring van die liggaam van Jesus Christus, waar maar net 2/3 in sy Naam vergader daar is God met hulle. Nie omstandighede of getalle nie, maar die hart gee die toon aan. Al is Paulus se omstandighede maar sleg en swaar, gevang, geboei, is dit nie wat nou tel nie, maar watter blydskap en liefde en volheidslewe om in God bymekaar gebring te word, selfs waar mense nog nooit bymekaar gebring was nie. Om mekaar dan te mag sien, dit maak dit alles anders.

Rome kan nie weer dieselfde wees nie, al lyk dit in die oë van mense so nietig klein, so niksseggend as dit net 'n paar onaanskoulike mense sou wees wat daarna kyk, maar wanneer die grootste sending apostel nog ooit, hierdie skynbaar klein ontmoeting beleef, dan besef hy wat hy eintlik sien. 'n Gemeente van Christus in die middelpunt van die heidense wêreldryk. Wie sou dit kon dink?! Al wat hy eintlik sien is die werk van God. Hierdie paar mense is vir hom die teken van die krag en genade van God. Hy besef al was hy nog nooit daar nie, moenie dink dat die Here nog nie daar was nie. Die Here het hom vooruit gereis, die Here het my pad gebaan...En dit wat hy sien, dit kan nie anders nie, God moet gedank word.

Tweede dan- God word gedank:

Geloof word aanskoue; wat begeerte was het 'n werklikheid geword. God se genadedaad moet met 'n dankgebed geantwoord word. Al mag dit aanvanklik vir hom gevoel het of hy eintlik in die voorpoorte van die magte van die hel was, het dit God nie gekeer om selfs in Rome aan ons te wys, Rome van alle plekke moet besef, die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie. Daar het God ook reeds vir Hom 'n gemeente vergader. Hierdie paar broeders is reeds die bewys van soveel genade, soos wat baie lank gelede net 'n paar manne by Lot se deur die bewys was van hoe deur en deur sleg en sondig die hele Sodom en Gomorra was.

En Rome sou in geen opsig beter as Sodom of Gomorra kon wees nie, maar waar God werk kan niemand keer, en waar God keer kan niemand werk nie. Hoe duidelik is dit nie wat hier gebeur nie. Om God te mag dank vir werk wat Hy gedoen het, nog voordat die mens bewus

was dat daar 'n Rome was, dat daar mense daar sal wees wat die Appius-mark en die Drie-Herberge as ontmoetingsplek, as kerk sal kan inrig. Die meeste mense daar sou nie besef wat gebeur het nie, maar Paulus besef die geweldige hiervan. Hierdie is ook God se plek. God moet gedank word. Hierdie paar mense is maar die klein stroompie van die Gees se werk maar kort voor lank sou Rome te klein wees dat God se kinders daar sal kan inpas.

God maak klaar dit wat God Self begin het. Ons is maar net dié skakels in die ketting van God se koninkryk. Dit wat Paulus beleef, dit wat hy sien, en wat hy dan maar net sê- hy het God gedank, by ons kan dit nie anders nie. Daar is soveel dinge in u en my se lewe wat ons rede moet gee om God te dank. Ons het die geleentheid daarvoor. God Self skep die geleentheid waarop Hy gedank kan word. Die Rome waarbinne ons moet ingaan, is nie die Rome van Italië nie, maar tog besef ons na wat ons vandag ook weer gesien het, moet ons die Rome van hierdie gemeenskap waarin ons bly binnegaan. Dit is nodig, die Godstad moet die wêreldstad al hoe meer inkom, en mag ons definitief nie toelaat soos wat God waarsku dit in die laaste tye al hoe erger sal gebeur, dat die wêreldstad, die Godstad sal wil oorneem nie. In ons sien, in ons dank, gaan dit ook oor wat dan gebeur- Ons laaste gedagte-

Paulus het moed gevat:

Wie op die spore van Paulus sulke ente terugloop, broeder en suster, sal dit moeilik vind om 'n moedeloze Paulus raak te loop. Dit wil eintlik maar gedurig lyk of hy nie sommer moedeloos geword het nie. En tog is daar hier en daar 'n paar kere wat moedeloosheid so effens deurgeskemer het. Handeling 17 toe hy alleen in Athene was, op sy 2^{de} sendingreis, is daar iets daarvan. Hy lyk effens moedeloos te raak, dalk maar ook omdat hy nie eintlik vrug op sy arbeid sien nie. Ons weet die sondige mens sal mos maar altyd iets wil sien van dit wat God sê sy werk is. Ons moet plant, ons moet natmaak, maar hoe baie keer dink ons, verbeel ons onself dat dit ook ons is wat moet laat groei?

EN net in die volgende hoofstuk- Handeling 18 lyk Paulus werklik nog meer moedeloos te word. Die Here vind dit nodig om aan hom te verskyn- Hand.18:9-10 lees ons - *En die Here het deur 'n gesig in die nag aan Paulus gesê: Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie; want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad*

aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad. Dit is die stad Korinthe, die plek wat lyk Paulus regtig moedeloos te maak. God sê hier is baie van my mense, al dink ons baie keer nie dat daar soveel kinders van God in so 'n plek kan wees nie. Ja soos Elia seker nie sy oë kon glo dat toe hy gedink het hy is alleen, toe was daar in werklikheid nog 7000 ander wat nie die knieë voor Baal gebuig het nie.

Handelinge 23 dan wil-wil dit net weer duidelik word dat Paulus 'n moedeloosheid ingaan, en weer gebeur dit wat in die hekke van Korinthe gebeur het- ons lees Hand.23:11- waar dit alles vandag om gaan, om ten einde laaste koers te mag kry, Rome toe, al gebeur alles heel anders as wat hy hom dit ooit kon voorstel dit sou gebeur- *En die volgende nag het die Here by hom gestaan en gesê: Hou goeie moed Paulus , want soos jy aangaande My in Jerusalem getuig het, so moet jy in Rome ook getuig.* Hier sien u dit nou self, hier hoor u self- God wil die Godstad by die wêreldstad uitbring. Soos in Jerusalem, net so ook in Rome. Geen mens sou kon dink, dat daar iets in Rome kan wees, wat my aan Jerusalem laat dink nie. God bring dit bymekaar.

Baie meer nog, as Paulus met sy eie moeë oë dan wel Rome inkom, dan sien en hoor hy, hier is van my mense- kan dit waar wees- hier word ek op my naam ingewag, terwyl ek eintlik maar net die tronk hier te wagte kon wees. Sy oë begin ophelder, sy hart word een met die mense, hy dank God, en waar mense so één word, het dit alles met God te doen, want God in Christus is een God wat deur sy Gees dit ernstig bedoel dat daar 'n eenheid op aarde moet wees, tussen hulle wat aan God behoort. Dit laat 'n mens moed vat. Hoe anders! God bring eenheid en moet nie wat God bymekaar bring wil skei nie, dan kan dit nie goed gaan nie, net soos wat mens dit wat God van mekaar geskei het, nie een moet probeer maak nie, dan soek jy net sulke groot moeilikheid.

Die kragstasie waar God se Gees lewens opwek, word daar ook moed gevat. Daar word dinge beleef wat die wêreld nie kan verstaan of kan bevat nie. Om moed te vat, juis omdat hy gedank het, en hy het gedank juis omdat hy gesien het. Dan word die swaar aankom in Rome eintlik 'n wonderlike inkom, en juis op grond van die wonderlike inkom, gee God ook

die uitkom. Hy het moed, hy het krag, hy het geloof. Paulus al is hy 'n gevangene word hy meer in huis-arres geplaas as om hom in die tronk te stop. 'n Soldaat pas hom op, maar dit verhinder hom nie om hier vir die eerste keer te begin werk nie. Drie dae na sy aankoms het die hoof van die sinagoge hom genooi om daar na hulle te mag kom. Saam het hulle die Skrifte wou ondersoek of Jesus werklik die Christus is, is Hy werklik die Messias wat hulle moes verwag.

Nog steeds kan Paulus aanhou, die man wat moed gevat het, sal maar net die Woord bly verkondig. Ons lees in Hand.28:28 hy het net aangehou- *Laat dit aan julle bekend wees dat die heil van God aan die heidene gestuur is en hulle sal luister...* Soos die woord oor die heidene wonderlike troos bring, is die Jode, hulle wat veronderstel was om die naaste aan God te wees, van hulle lees ons- *hulle het met groot woorderstryd onder mekaar weggegaan...*

Maar Paulus se huur huisie in Rome word vir 'n volle twee jaar sy blyplek en werkplek. Die man het moed gevat, ja broeder en suster, mag dit ook van u gesê word. Handeling eindig met sy laaste vers so hoopvol, so moedig, as daar in Paulus se huurhuis elke dag met moed gewerk is. So sak die gordyn oor Handeling, nie om vir ons te vertel wat het nou op die einde met Paulus gebeur nie, maar wat het met die koninkryk gebeur. Dis die belangrikste. Die koninkryk van God. 'n Mens se belangrikheid is baie keer juis jou onbelangrikheid, maar die gordyn wat oor Handeling sak- is eenvoudig die koninkryk wat verkondig is. Paulus het daarvoor gepreek, hy het daarvoor onderrig gegee, Jesus Christus oor Hom gaan dit, en watter wonderlike uitslag dat Paulus dit kon doen, met volle vrymoedigheid, sonder verhinderings. Dit sou nie kon wees, as dit nie was dat hy moed gevat het nie. Mag dit ons pad later die jaar in die gemeente ook uitspel – om te mag sien, om te mag dank, om te mag moed vat. Ja, mag dit wees ter wille van die Evangelie. My belangrik juis mag lê in my onbelangrikheid waar dit om God en sy Evangelie handel.

AMEN